



Hallo julle, eers die goeie nuus, dan weer, nog goeie nuus!
Watter dorp se naam is die enigste wat met beide geslagte bevat? Dink Vrystaat...... Henne n man! Nou ja, Nicolene Minnaar boervroutjie wie jare al saam werk en omsien na die aanwending van ons lesers se skenkings, het laat weet dat hulle op die oomblik 'n baie spesiale geval in Hennenman ondersteun. Daar is 'n enkel ouer wat na nie minder as drie babas moet omsien nie!


Helpende Hande lewer fisies op die grond bystand. Saam met ons geldelike bydrae, sorg hulle dat daar genoeg doeke en babakos is vir die kleingoed is terwyl pappa los werkies verrig vir 'n ekstra inkomste.
Volgende jaar gaan die eerste enetjie graad R toe en ek het vir Nicolene laat weet ons sal sorg vir al sy 1ste jaar se skryfbehoeftes en toerusting sodat hy op gelyke voet met sy maatjies kan wegspring. Die lysie is nogal buitengewoon en sorg nie net vir goed soos vetkryt nie maar selfs tien rolle toiletpapier! Dankie weereens aan die van julle wat nou weer gereeld bydra. Dit gaan 'n vreugde wees om te kan help daar waar hulp maar skaars is en ons volkie steeds sukkel. Ek hoor daar het darem goeie reën geval!




En toe ontdek ek hier in Onrus, reg onder my neus, 'n juweel van 'n talent! Ek is voorsitter van die plaaslike huiseienaars assosiasie en vind nou uit my jarelange sekretaresse Cecilia Jacobs, skep klank en video opnames van haar eie slaaptydstories wat sy aanvanklik net vir haar kleinkinders vertel het. Saam met haar vriendin Kosie Opperman beeld hulle grafies haar stories uit en doen self die byklanke ook! Die regtig te oulik vir woorde!




**H**ier is waar ons lesers nou weer kan inspring en nie net self daarby baat nie, maar ook help dat die stories versprei na die res van ons nasie toe, plaaslik en oorsee! Kyk gerus na die video hier bo van **DIE JAKKALSE** (Kliek op die foto of op die teks*) en kontak my dan indien jy sou belang stel om, of self daarvan aan te koop om aan jou kleinkinders te stuur vir Kersfees! Sodra jy laat weet, stuur ek vir jou 'n katalogus en hoe meer jy koop hoe goedkoper word hulle. Ons kyk tans na so tussen R35 en R50 'n storievideo. Wat 'n wonderlike kers of verjaarsdaggeskenk waarna die kleingoed keer op keer kan kyk! Hulle leer ook sommer ter selfde tyd waardevolle lewenslesse.




Stuur vir my 'n e-pos na info@onsdorp.com met die titel ***Slaaptydstories*** en ek pos vir jou die katalogus van Celia se video's.

Groete, Hennie & Annabelle

*soms moet jy 'enable edit' druk voor die video sal speel

# Spreekkamerstories

## Met 'n lepel vol lag

Dr. Fana Malherbe



Dr. Steve Briers vertel dat sy hond hom die anderdag verras het deur met hul buurman se duur ingevoerde angorakonyn in sy bek by die huis aan te kom. Tot sy ontsteltenis sien hy toe dat die konyn, wat erg besmeer was, reeds dood is.

Al plan waaraan hy kon dink, was om die konyn netjies skoon te was en met sy vrou se haardroër droog te blaas. Toe gaan sit hy die dooie konyn in sy hok terug en wag angstig op sy buurman se reaksie.

’n Rukkie later loer die buurman oor die heining en sê iets snaaks het met sy duur konyn gebeur. “Die ding het gister gevrek en ek het hom begrawe. Vanoggend lê hy sowaar silwerskoon terug in sy hok.”



Die dokter gaan doen huisbesoek by sy oudste pasiënt, wat sy honderd en vierde verjaardag vier.

“Baie geluk, mnr. Du Toit. Ek weet jou fisieke en geestelike gesondheid is so goed dat ek jou nie weer voor jou volgende verjaardag op honderd en vyf sal hoef te sien nie.”

“Dokter, jy lyk nogal vol vertroue dat ek nog ’n jaar lank gaan lewe!”

“O ja. Baie min mense sterf tussen honderd en vier en honderd en vyf.”

# Dié Maand se Giggels



Polisieman radio sy stasie: " Ek het n interessante geval hier. Hier is n ou tannie wat haar man geskiet het omdat hy op haar nat vloer getrap het nadat sy dit sopas gemop het."
Stasie: "Het jy haar arresteer?"
Polisieman: "Nee!"
Stasie: "hoekom nie?"
Konstabel: "Die vloer is nog nat"












# BRIEF UIT BELGIË (Vervolg)

## Elsbeth Verhoeven






In September wou Paul Hadrian's Wall gaan stap. Ek het ook voorheen nog nooit daarvan gehoor nie. Maar amper 2,000 jaar gelede het Marcus Orelius en Hadrian en nog baie ander groot name hul ryk uitgebrei oor die hele Europa (seker al gehoor van Asterix en Obelix) en later oorgesteek na Engeland.
Hul het gevorder tot by die SolwayRivier tussen Engeland en Skotland en 'n baie hoë muur gebou van seker 3 meter en dit was ook 'n paar meter breed. Van die Weste na die Ooste van Engeland. Newcastle is in die Ooste en Bowness on Solway in die Weste. Die roete is 140km lank. Dis baie veilig. Ons het een meisie teëgekom wat alleen stap en sy was 18 jaar oud. Al langs die pad kry jy plase met skape of melkkoeie en elke plek het 'n paar kamers waar jy kan bly. Ons het gevlieg na Heathrow en vandaar gevlieg na Newcastle. Daar een nag geslaap en 'n kar gehuur en gery tot by die Weste kant. Dis beter om van Wes na Oos te stap omdat die reën en wind van die weste kan kom.
Die eerste 3 nagte het ons in Carlisle geslaap. Ek moes elke dag vir Paul aflaai en dan spreek ons af waar ek hom die middag kry en dan eet ons iets saam en hy stap dan verder. In die aand kry ek hom weer by 'n kroeg eet daar en ry terug na die slaapplek. Ek was altyd nogal deurmekaar want sommige plekke kon ek nie vind op die GPS nie. Paul kon dus sy staptog klaar maak in 11 dae. 'n Baie interessante plattelandse atmosfeer en baie vriendelike mense. Ook so 'n paar ou vestings besoek. Baie van die huise en ou kerke is gebou met die klippe wat van Hadrian's Wall kom. Ons is toe weer terug huis toe.
Oktober besluit ek toe om alleen na Dresden met die Flixbus te ry. www.flixbus.com – as julle ooit wil reis en wil goedkoper as 'n trein rondbeweeg dan is die flixbus die antwoord. En jy kom nader aan 'n bestemming aan as 'n lughawe. Wat ek wel interessant gevind het was presies 12 uur die nag is die bus gestop deur die Duitse Polizei. Elke persoon se identiteit is nagegaan. Dalk het hulle iemand gesoek of dalk wou hulle seker maak dat daar geen onwettige immigrante was nie". In Dresden het ek die volgende dag afgeklim waar Duitse vriende vir my gewag het. Ingolf Michler wat 'n mediese fisikus en onlangs na Erfurt verhuis het. Hy werk in 'n hospitaal waar hul kanker pasiënte behandel en Sylvie Wesnigk sy vrou wat afkomstig is van Dresden is op hierdie stadium nog in Berlyn waar sy by 'n Universiteit werk. Sy het 'n biologiese graad. Sy het navorsing gedoen in Suid-Amerika op seeskilpaaie en moes lank daar woon. Sy is nou betrokke by natuurbewarings projekte. In Dresden was ek dan my eerste keer en ons het langs die Elbe rivier gaan stap en ook 'n kerk toring opgeklim tot bo. My been het gehou. Die aand het ons na 'n dorpie gery met die naam Gohrisch waar Ingolf se skoonma 'n huis gehuur het en ook 'n aparte woonstel in dieselfde tuin onder 'n huis vir my. Elke oggend het ek by hulle ontbyt geëet en 'n staptog gedoen. In die natuur. Dit was baie mooi. Soms het ons oor die Tjeggiese grens beweeg en dan weer terug in die Duitse gebied. Die area se naam was "Bad Schandau" daar was so 'n russiese treintjie met 'n paar waens waarop jy klim en dit gaan daar 'n paar km die berg op. Op 'n paar borde het gestaan Hinterhermsdorf. In Berlyn is daar 'n omgewing wat genoem word Hermsdorf. My ouma se van was Herm. 'n Volgende dag het ons die Konigstein Festung besoek. Bo op 'n rots. Dit was gebou ongeveer 1200. Dit was eers 'n abdei. Van bo af het jy mooi uitsigte. Die hele gebied is eintlik 'n bergreeks. Hulle noem dit Saxon Switzerland. Dis baie mooi en daar kom baie toeriste en rotsklimmers na die gebied.



# NOG N PAAR GIGGELS

## ROND IN DIE MOND! PAAR NUWES!

- Aftree: kierieverlof
- Alkohol: slingersous
- Bleeksiel: fooskoos
- Fiets: draadkameel
- Eet: tandslaan
- Aap: sitbok
- Blonde oomblik: brein pouse
- E-pos: vonkpos
- Grimering: jeugdeeg
- Toilet: porseleinskoeter
- Mooi meisie: asemdief
- Omgekrapte maag: barsblerts
- Oorgewig: duidelik sigbaar
- Sakrekenaar: sompompie
- Lyftaal: skeletklets
- Ski-pants: sellulietsokkies
- Snelweg: boete roete
- Springmielies: kitskoring
- "Tipex": flater water
- "Tissue": snoetsponsie
- "Burp": keelknal
- Graanvlokkies: olifant skilfers
- Slaap: lappetrap
- Ouetehuis: kieriekoshuis

HY IS DIE BRUIDEGOM, NIKS MEER VIR HOM NIE! OOIT!



DIE LEWE SONDER SELFONE WAS NIE SO VERVELIG SOOS WAT MENSE DINK NIE





PAPPA DINK BRENDAN PEYPER MOET BIETJIE STILL BLY!!!









# GEBAKTE VLA!



Liewe Lesers,

Die afgelope vier jaar het ons huishouding permanent gesukkel om te navigeer tussen walkers, krukke, kieries, knie- stoot-scootertjies en wat nog als om 'n man met loopprobleme te help loop! In 'n klein huisie moes 'n klomp meubels maar pad af gaan om 'n paadjie te maak vir al die gedoentes, maar 'n paar weke gelede is die langverwagte knievervanging toe gedoen en wat 'n vreugde is dit nie!
Ek verneem ook selfs ons redakteur, Hennie, was onlangs onder die mes en wens hom voorspoed met sy nuwe knie!



Ons keer stadig maar seker terug na normaliteit en die matte en meubels begin weer 'n tuistegevoel om ons kry. Ek moet egter bieg: ek was nie altyd lus vir kosmaak nie! Soggens se ontbyt was dieselfde, middagete ons hoofmaal en saans was ons nie honger nie, sooo, my ligste, vinnigste en vullendse resep het baie aande gewen!

## Gebakte vla!

Ja jy kan dit ook ander name noem en mooi souse maak en harde karamelsuiker oor brand nes jy wil maar die basis bly 'n eiervla! Maak so:

Klits 4 groot eiers, 1/4 k suiker en 2 k amper kokende melk en 1t vanilla goed saam, gooi in 'n 2 l bak en bak in die oond vir 'n half uur @ 160 grade tot gestol. Rond af met 'n strooisel neutmuskaat oor.

Ek doen dit sommer net so direk in die Airfryer-oondjie maar dan skei dit wel effens en maak so 'n waterige soet sousie. Dit pla my nie maar sal nie 'n prys by die skou wen nie! As jy wil hê dit moet perfek uitkom dan bak jy dit op die regte manier in 'n baine-marie of waterbad!

En Voila!

Mooi groetes

Retha

# SPREEKWOORDELIKS

## ‘Spreuke, Spreekwoorde en Idiome.

Een bevat altyd ‘n sedeles, die ander ‘n stukkie waarheid of wysheid en die derde een het ‘n dieper betekenis by die waarheid. Besluit jy watter een is watter

**Duit:** Geen bloue duit werd wees nie (niks werd wees nie)

In Nederlands het blauw ook 'n betekenis van "min, klein" – blauw Maandag het beteken "kort Maandag". 'n Bloue duit is dus nog minder werd as 'n duit. Die blou kom daarvan dat ou munte baie lood bevat het wat daaraan ’n blou skynsel gegee het.

**Duiwel:** Te dom om voor (vir) die duiwel te dans (baie dom wees)

Dans is/word beskou as sonde, en die duiwel help dus mense daarmee. As 'n mens dus baie dom is/was, kan/kon selfs die duiwel jou nie leer nie.

**Duiwel:** So bang vir iets soos die duiwel vir die slypsteen/draaisteen/knapsak (baie bang vir iets wees)

Die slypsteenvrees berus op 'n oorlewering dat die duiwel as straf die slypsteen moet draai as hy 'n dronk man laat verongeluk. Die knapsakvrees het 'n ander oorlewering as oorsprong: Dit is gegrond op 'n ou Vlaamse verhaal oor die smid wat sy siel aan die duiwel verkoop het. Hierdie soort verhaal het reeds in 1587 in Frankfurt verskyn in Johann Spiess se Historia von D. Johann Fausten, waarin Faust ('n historiese figuur wat deur sy handelinge ook Martin Luther oortuig het dat hy oor demoniese magte beskik) 24 jaar se jeug, kennis en towerkrag van die duiwel ontvang in ruil vir sy onsterflike siel. Ons Vlaamse smid kon ongelukkig nie dieselfde kontrak beding nie en moes met sewe jaar tevrede wees. Tydens die sewe jaar kom Sint Petrus daar aan om sy donkies te laat beslaan. Die smid, waarskynlik onder die indruk van die vernaamheid van die besoeker, doen die nodige gratis. Sint Petrus skenk hom toe drie wense. Die smid vra gewoon dat iemand wat op sy stoel gaan sit, nie sonder sy verlof sal kan opstaan nie. Dieselfde wens geld ook vir iemand wat in sy geldsak kruip of in sy peerboom klim. Volgens die kontrak kom die duiwel na sewe jaar terug om sy smid te eis. Die smid nooi hom om te gaan sit solank as wat hy hom vir die reis gaan klaarmaak. Toe die smid terugkom, kan die duiwel nie opstaan nie en die smid laat hom eers belowe dat hy nog sewe jaar sal wag voordat hy weer terugkom. Die volgende keer haal die smid die duiwel oor om pere te gaan pluk as padkos vir die reis, met dieselfde resultaat van nog sewe jaar se uitstel. Die derde keer groet die smid hom vriendelik en knoop 'n praatjie aan. Is dit waar dat jy jou baie groot kan maak? vra hy. Die duiwel knik en skielik is hy so groot soos 'n toring (so lui die Vlaamse verhaal, nie soos 'n reus of berg nie). Kan jy jou ook so klein maak dat jy in hierdie sakkie kan kruip? vra die smid. Natuurlik kan die duiwel dit doen. Die smid knoop skielik die sak toe en sit dit op die aambeeld. Hy roep al die manne met hulle hamers en beveel hulle om op die sak te slaan. Hulle het die duiwel behoorlik plat geslaan, en voordat hulle hom laat loop het, moes hy belowe dat hy die smid nie weer sou lastig val nie. Maar vanaf daardie tyd is hy bang vir 'n sak

# AGTEROS

## FAMILIEKERSFEES


DANA SNYMAN

Soos elke jaar trek die familie Kersfees by Oupa-hulle saam. Die ooms en tantes, die neefs en niggies en Oumagrootjie en tant Pop wie se skildklier onlangs verwyder is —én oom Johnny, Ouma se oujongkerelbroer wat ná 'n paar drankies so graag "Amazing Grace" sing. Hoekom woon jy dit nog by? Oupa en Ouma moes lankal na 'n kleiner plek getrek toe het maar jy vermoed hulle hou daardie ou kasarm in 10de Straat net vir hierdie jaarlikse samekoms waartydens jy nog 'n nuwe das present kry, 2 kilogram massa aansit, ou vetes voortsit en op die divan in die sitkamer slaap onder 'n afdruk van 'n skildery van die Slag van Bloedrivier. Want jy is mos ongetroud, sien. Dit beteken jy kan nie tydens die geleenthede op 'n bed aanspraak maak nie. Jy slaap op die divan en almal vra knaend vir jou: "Wat gaan aan, Boetie? Wat's fout, Boetie? Wanneer vat jy nou vrou, hé, Boetie?"

Boetie. Jy krap nou al hoe lank jou eie potjie maar vir daardie dag of drie by Oupa-hulle word jy deur almal ge-Boetie — die naam wat almal jou genoem het toe jy ses jaar oud was. Op sulke familiebyeenkomste word jy mos nie toegelaat om te vergeet wie jy eens was nie. Skep jy vir jou pampoen op, sal tannie Mara jou gou daarop wys dat jy nooit pampoen of enige ander groente wou eet toe jy 'n seuntjie was nie. Raak jy bles, verwys almal gedurig na jou Jimi Hendrix-haarstyl van twintig jaar gelede. Die storie oor hoe jy op die ouderdom van vyf vir die hoenderhaan weggehardloop het, word ook elke Kersfees minstens twee keer weer opgedis. En kla jy oor die gate in die paaie en die kakiebos in die parkie oorkant die huis, sal oom Frits, pa se KP-broer, jou daarop wys dat jy die een was wat in '94 vir die ANC gestem het. Gewoonlik sorg jy dat jy die dag voor Kersfees eers daar by Oupa-hulle aankom, laterig die middag.

Pa-hulle en die ander sit dan al op die stoep, oral staan leë koek-bordjies rond en op die grasperk hardloop kinders waarvan jy die name vergeet het. Ouma sal soos altyd na Iyfpoeier ruik en soos altyd sal oom Swannie dieselfde ding se wanneer by jou groet: "Ek sien jy ry steeds die Golfie. Hoeveel kilo's per liter gee sy jou?" Oom Swannie, 'n skofbaas op die myn wat elke jaar 'n splinternuwe, tweedehandse motor het, het die een of ander fiksasie oor motors se brandstofverbruik. Tant Gertie, sy vrou, is weer altyd besig om iets te borduur, dikwels 'n toneel met 'n Hollandse windmeul op. Tant Pop praat graag oor haar operasies. Neef Faan, 'n aktuaris vir Sanlam, dink die lewe is 'n wiskundige berekening waarvan hyself die antwoord is en oom Johnny skryf briewe aan Landbouweekblad se "Opsitkers" onder die skuilnaam Zorro.
Hierdie byeenkomste volg dieselfde patroon. Eers word net daar op die stoep inligting uitgeruil: Hoeveel kilo's per liter gee jou motor? Is neef Kallie se seun steeds 'n kroegman in Londen? Kan julle glo, hierdie jaar is ook al weer verby. Die tyd wat so vlieg. Vreeslik.

Dan, terwyl die son sak en die goedkoop witwyn geskink word, kom die ou stories weer uit: Onthou jy die keer toe die haan Boetie gejaag het? Onthou jy die keer toe Oupa se bakkie se gêrboks in die Kalahari gebreek het? Nog later sal neef Kallie en oom Johnny jou eenkant toe roep: Is jy lus vir ietsie sterkers?

Dan sal julle om die huis stap na oom Johnny se Camry met die bottel brandewyn en die Coke in die kattebak. Daar in die donker, terwyl tant Gertie se miniatuur-Dobermann-pinscher vir die bure se rifrug blaf, sal julle vir jul ietsie in Styrofoam-glace skink want jy rook of gebruik nie sterk drank voor Oupa en Ouma nie. In die kombuis sal julle Ouma-hulle hoor kwetter en by die Kersboom in die sitkamer sal die kinders die presente bevoel. Later sal Oupa uit Mattheüs lees, Ouma sal haar sakdoekie uit haar mou trek en oor haar wange vee, jy sal jou nuwe das ontvang.

Na nog 'n draai of twee by die Camry sal oom Johnny — by het nogal 'n mooi stem— "Amazing Grace" begin sing: "A-ha-ma-ha-zing Gra-hace, how sweet the sound that sa-haved a wretch like me ..." Eintlik behoort alles net daar te eindig. Eintlik behoort almal mekaar net daar by die Kersboom te groet terwyl oom Johnny sing. "I once was lost, but now I'm found. Was blind, but now I see." En dan moet almal ry. Maar in families werk dit nie so nie. Almal gaan die volgende oggend saam kerk toe en na die diens, ná die tee en melktert vra tannie Henna so terloops vir Ouma: "Mammie het mos nog daai robynborsspeld wat Mammie gesê het ek kan erf? En voor Ouma kan antwoord, laat waai tannie Mara: "Het Mammie nie gesê ek kry die borsspeld nie?" Dan kom die sideboard ter sprake. En die Morris stoele. En die staanhorlosie.

Op die stoep gee oom Frits nes die vorige jour die kwotastelsel die skuld vir alles wat verkeerd is met ons rugby. Neef Faan vat hom heeltemal tereg daaroor aan maar kort daarna bots jy en neef Faan weer omdat jy dink globalisering bevoordeel eintlik net die rykes. Dan hou 'n nuwe BMW X5 voor die deur stil: Nig Baba en haar nuwe ses en dertigjarige man oom Willie. Nig Baba was 'n ontvangsdame in Pretoria tot oom Willie van sy vrou geskei is en sy by hom in die gholf landgoed ingetrek het. Nou durf niemand haar iets anders as Marietjie noem nie en as hulle kom kuier, slaap hule  in die lodge buite die dorp.

Oom Swannie begin oom Willie dadelik oor die X5 se petrol verbruik uitvra terwyl die rifrug van langsaan tannie Genie se Dohermann-pinscher se oor deur die draad afskeur, tant Pop jou van die pyn van 'n niersteen operasie vertel, 'n huilende kind met 'n gebreekte speelding oor die grasperk gehardloop kom, oom Johnny in die rigting van die Camry sluip en oom Frits en neef Kallie ernstig verskil oor Jaco van der Westhuizen se losskakelspel. Teen twee-uur die middag is die situasie min of meer die volgende: Tannie Henna en tannie Mara gluur net stil na mekaar oor daardie borsspeld. Neef Faan is vies vir oom Frits, wat op sy beurt weer vies is vir almal, insluitende die regering. 'n Kleinnefie en kleinniggie raak danig met mekaar agter die garage, almal probeer tant Pop met haar Stephen King-agtige operasie stories vermy en Oumagrootjie, wat vroeër by die ouetehuis gehaal is, het my pas verwar met oom Casper wat vyfjaar gelede in 'n motor-ongeluk dood is.

Dan kom staan Ouma in die deur en sê doodkalm: "Julie kan maar kom aansit." Ouma-hulle het die lang tafel in die eetkamer gedek maar daar is nie plek vir al die kos nie. Party bakke staan op 'n ander tafel in die hoek. Gebraaide skaapboud. Hoender. Vark. Gebakte aartappels. Geel-rys en rosyntjies. Boontjies. Wortels. Spinasie. Pampoen. Patats. Gestoofde vrugte. Wortelslaai. Aartappelslaai. Dadelpoeding. Trifle. Vla. Room. Julle neem by die tafel plaas. Daardie simpel pers papierkroon wat by die klapper op jou bord lê, wil nie reg op jou kop sit nie.

Oupa: "Ogies." Julie vat hande, almal opeens stil en gemoedelik. Jy loer deur skrefiesoë na almal rondom jou: neef Faan met al die oplossings, skildklierlose, niersteenlose tant Pop, eensame oom Johnny, oom Swannie wat 8 kilometer per liter met sy Skyline kry. Tussen hulle almal, met jou een hand in Ouma s'n en die ander in tannie Gertie s'n, sit jy, Boetie, die een wat op vyf vir 'n hoenderhaan gevlug het. Jy luister na Oupa se dralende stem en wanneer by "amen" sê, hoor jy hoe jy hardop saam met die ander die "amen" herhaal.

**VOORSPOED EN VREUGDE,  TOT VOLGENDE JAAR!**

**15 jaar se KOSBLIKKIE PROJEK: HELPENDE HANDE - HENNENMAN**

Indien jy graag wil help sorg dat ons voortgaan met ons hulp aan Hennenman se swaarkry kinders, stuur asb. 'n gereelde maandelikse bedraggie na



HJ GREEFF **FNB HERMANUS**
SPAAR REKENING No: **60379199926**

Merk dit: Kosblikkie